

Nadoktorale genoot betrokke by baanbrekersnavorsing



Die Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk se nadoktorale genoot, dr Danie Stander, is betrokke by baanbrekerswerk oor etiketliteratuur in Afrikaans. Tydens 'n onlangse Middaguurgesprek het hy en sy mede-outeur, dr Lizelle Smit, die gehoor van hulle navorsing vertel.

As genres is etiketliteratuur en sedeliteratuur nie vir Afrikaanse lesers vreemd nie, al lui die name nie noodwendig 'n klokkie nie. Stander en Smit beskryf sedeliteratuur as 'n sambreelterm vir die "vele Afrikaanse nie-fiksie subgenres gemoeid met die oordrag van opvoeding, goeie maniere en moraliteit". Dit sluit onder andere etiketliteratuur, voorligtingsliteratuur, afrondingsliteratuur en tekste oor gedragskodes en goeie maniere in. En dit blyk dat daar feitlik geen navorsing in Afrikaans oor Afrikaanse etiketliteratuur bestaan nie.

Stander en Smit wil dit verander. Hulle gesamentlike projek fokus op gender *performance* in Alba Bouwer se vertaling van die etiketboek *Sybille: Sjarmante vriendin*. Hulle het reeds 'n artikel oor hulle navorsing by 'n vaktydskrif ingedien en wag nou om te sien wat die keurders van hulle navorsing dink.

- ***Danie Stander*** is die Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk se nadoktorale genoot. Sy nadoktorale navorsing, onder die leiding van ***prof Ilse Feinauer***, fokus op Nerina Ferreira (1921–2012) se werk as teaterpraktisyn, vertaler en skrywer.
- Lizelle Smit doen haar nadoktorale navorsing onder leiding van dr. Mathilda Slabbert by die Departement Engels. Sy deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling se Subkomitee A befonds en haar projektitel is "Exploring the Archive: South African Women's Life Writing (19th century to the present)".